# Hoërskool Oos-Moot

# 1958







Redaksie

## GREPE UIT DIE GESKIEDENIS

‘1958 was nie ‘n besondere besige jaar nie behalwe vir die Kermis.
Die getal leerlinge het na 847 gestyg. Die groei is fenominaal maar het ook pyne gebring: te min boeke, te min sportvelde, baie groot klasse en te veel tydelike onderwysers.
Die 100 roosbome wat in 1957 deur mnr JOT van Schalkwyk aangeplant is, het ten spyte van die droogte lieflik geblom met pienk, wit en geel rose.

CSV EN VOORTREKKERS
Op 30 Januarie is ‘n plaaslike CSV-tak by die skool gestig.
Ons eie Voortrekkerkommando is gevorm met ‘n groot aantal offisiere (9) en Verkenner seuns en -dogter (90) wat bekend staan as MM Jansen kommando.

ATLETIEK
As gevolg van die gunstige somermaande het ons ‘n baie bedrywige en suksesvolle atletiekseisoen agter die rug.
Saterdag, 22 Februarie het die 6de tussenhuise (Interhuis) byeenkoms op Klipkoppies plaasgevind. Die spannendste byeenkoms tot dusver aangesien die Amptenare en Heemrade tot en met die laaste item vir die eerste plek gespook het.